
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**26 Junie 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:30** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Woord:** Psalm 125
**Boodskap:** Diè wat op die Here vertrou – is vir altyd veilig!

## Eredienste : Noordrand YouTube kanaal

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Ons doen die meer weens Covid 19 nie, maar as `n geleentheid om die woordbediening uit te brei. Lidmate kan tydens na die erediens daarop inskakel. Gaan na YouTube en soek Gereformeerde Kerk Noordrand.

## Kollektes : 12 Junie

- Diakonie
- Erediens onderhoud

## Lofprysing en Psalms – 12 Junie 2022

Die lofprysings geleentheid is verby. Ons dank die Here dat Hy ons daardeur geestelik verryk het. Ons sê ook dankie aan almal wat `n bordjie eetgoed gebring het vir die geleentheid.

## Teeskink:

26 Junie tot 10 Julie: Geen tee – skoolvakansie

## Dankdiens – 3 Julie 2022

Ons dank die Here dat die omstandighede sodanig verander het sodat al die beperkings weens die coronavirus en covid 19 opgehef is. Ons kan nie anders as om Hom daarvoor te dank in `n spesiale dankdiens volgende Sondag 3 Julie. Mag die Here die begeerte in ons elkeen se harte gee om saam te kom en Hom daarvoor te dank en te prys.

Lidmate wat 'n behoefte het om ook dankie te sê vir iets kan 'n epos, sms of whatsapp vir die kerk of ds Frederik stuur. Ons al dit dan volgende week in die nuusbrief plaas.

## Meelewing

Ons dank die Here dat baie lidmate wat onlangs positief getoets het vir covid 19 herstel het sonder om ernstig siek te word. Halleluja!

John Lizamore het Maandag met die volgende reeks chemoterapie begin. Hy is Dinsdag weens infeksie in Wilgeheuwel hospitaal opgeneem. Ons dank die Here omdat ons weet dat elkeen wat op Hom vertrou veilig is vir altyd. Psalm 125 bevestig die troos:

> *"Dié wat op die Here vertrou, is soos Sionsberg wat nie wankel nie en altyd vas bly staan. 2Soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm, so beskerm die Here sy volk, nou en vir altyd."*

Ons bid en vertrou dat die Here vir John en Marietjie en Riaan veilig hierdeur sal dra.

### - VERJAARSDAE –




**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**

**26 Jun:** Dianne Koelman
**27 Jun:** Annemarie Pretorius
**28 Jun:** Sizette du Plessis; Deané Vermeulen
**30 Jun:** Louis Olivier
**2 Jul:** Neels Steenkamp

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

## Diakonie Koskas

Die Diakonie se koskas is dolleeg. Tans word daar 2 gesinne gehelp met kospakkies in ‘n maand. Ons doen ‘n beroep op lidmate om asb. Nie-bederfbare produkte (blikkies vleis, groente, suiker, tee, koffie, pasta, rys, melk) te skenk. Dit kan in die leë houer by die ingang geplaas word.

Baie dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is.
Noordrand-diakonie

## Wysheid uit Spreuke

Spreuke 24:5

Dit is die wyse man wat sterk is, die een wat kennis het, wat werklik mag het.

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer - (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## *Geloof gebeur op die Here se terme*

*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

Geloof is nie 'n selfverbeteringprogram nie. Geloof help jou nie maar net om 'n beter mens te word nie. Dit laat jou volgens Jesus se beginsels leef. Sy standaard is baie hoog. Sy standaard is dié van selfopofferende liefde. Sy liefde veroorsaak dat jy jouself prysgee in diens van God en ander. Sy liefde veroorsaak dat jy jou voorkeure, jou gerief, jou keuses, en jou leefroetes aanpas by dit wat God eer en wat ander mense bevoordeel. Dit veroorsaak dat jou keuses nie langer oor jou eie voordeel gaan nie. Nou gaan dit oor die regte keuses wat God eer en wat ander mense opbou.

Om Jesus te volg, beteken jy deel Sy hart wat warm vir armes, minderbevoorregtes en afgeskryfdes klop. Dit veroorsaak dat jy bereid is om op te offer, eerder as om gedurig te vereis. Dit veroorsaak dat jy vrygewig is, eerder as dat jy net nog wil hê. Dit veroorsaak dat jy ander mense se belange al hoe meer bokant jou eie stel. Hierdie roete is nie altyd maklik nie; daarom is daar so min opregte navolgers van Jesus in die omtrek. Wees asseblief die uitsondering. Leef volgens Jesus se standaard.